**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 APRIL 2024 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaalbestuur *(sluit aan om 11:39)* |
| Mev. A Lawrence | : | Hoof: Behuisingsadministrasie |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**BKN063/04/2024**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadsheer De Vries die vergadering open met gebed.

***

**BKN064/04/2024**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Uitvoerende Onderburgemeester - afwesig met verskoning (siekverlof)
Bestuurder: Strategiese Dienste - vakansieverlof

***

**BKN065/04/2024**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN066/04/2024**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN067/04/2024**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN068/04/2024**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN069/04/2024**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter lei die item in.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN070/04/2024**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat daar nie 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering sal wees op Dinsdag 21 Mei 2024 (soos per jaarprogram) nie;
- Dat daar geen Staande Komiteevergaderings in Mei 2024 sal wees nie en dat alle items met aanbevelings vir bespreking en besluitneming uit die Staande Komitees voorgelê word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Vrydag 31 Mei 2024;
- Dat daar 'n Begrotingsloodskomiteevergadering geskeduleer word vir Vrydag 17 Mei 2024 om die publieke kommentare te oorweeg en te bespreek; en
- Dat indien daar enige dringende items vir oorweging en besluitneming goedgekeur moet word voor Vrydag 31 Mei 2024, die aangeleentheid met die Munisipale Bestuurder opgeneem moet word wat dan met die Uitvoerende Burgemeester en Speaker sal kommunikeer.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

Dat mnr. Chris de Jager se kleinseun in 'n baie ernstige fietsongeluk was en in die intensiewe sorg in die hospitaal is, maar dat daar klein verbeteringe in sy toestand is. Die Munisipale Bestuurder bedank namens mnr. Chris de Jager almal wat hom en sy familie in hul gebede gedra het en sterkte toegewens het.

***

**BKN071/04/2024**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN072/04/2024**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN073/04/2024**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING EN SDBIP**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in en hou die Kapitaalspanderingsverslag aan die Komiteelede voor.

Die Direksie bevestig dat alle teikens wat gestel is by die kapitaalspandering behaal sal word. Die onderstaande kwessies word uitgelig:

- Dat die befondsing vanaf RSEP met verwysing na die R1,1 miljoen vir die "informal trading area" in Velddrif nie ten volle gespandeer sal wees teen die einde van die 2023/24 finansiële jaar nie;
- Dat daar 'n tekort is by die begrote bedrag vir die kleedkamers by Watsonia sportgronde. Die Direkteur Gemeenskapsdienste meld dat hy die

aangeleentheid met die Portefeulje Voorsitter van Gemeenskapsdienste, Raadsheer Wessels, asook met die Direkteur Finansiële Dienste sal opneem;

- Dat die Portefeulje Voorsitters en Direksie moet toesien dat die begrote bedrae vir die onderskeie direktorate gespandeer moet word voor die einde van die 2023/24 finansiële jaar;
- Dat die Direkteur Tegniese Dienste voorsiening sal maak in sy huidige begroting vir fondse vir die instandhouding van die "cherry-picker" in Piketberg wat dienslewering affekteer;
- 'n Bespreking vind plaas rakende die gesprekvoering en terugvoer tussen die onderskeie Portefeulje Voorsitters met hul spesifieke Direkteure asook die vertrouensverhouding tussen die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie. Die Uitvoerende Burgemeester bevestig dat 'n funksie van die Portefeulje Voorsitters is om terugvoering by die onderskeie Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings aan die Uitvoerende Burgemeester te gee rakende kwessies, uitdagings en risiko's wat dienslewering affekteer in die onderskeie direktorate;
- Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit rakende die bewoners wat die ou slagpale( onder die brug in Piketberg), beset en as slaapplek gebruik;
- Dat die Bedryfsbegroting ingesluit word by bogenoemde item, op die agenda van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings, vanaf 01 Julie 2024 vir bespreking; en
- Dat die Uitvoerende Burgemeester 'n lêer aan die Munisipale Bestuurder sal voorsien met onafgehandelde diensleweringskwessies in Bergrivier Munisipaliteit. Die Direksie moet die nodige aandag en terugvoer voorsien aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**KENNIS GENEEM**

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***DIREKSIE***

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**BKN074/04/2024**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: TOEKEN VAN ERF: VLOTMAN GESIN, VELDDRIF</u>**
**17/5/1**

Die Direkteur Gemeenskapsdienste lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Hoof: Behuisingsadministrasie die Vlotman-gesin besoek op Dinsdag 30 April 2024 (soos reeds gereël);
2. Dat die Hoof: Behuisingsadministrasie 'n versoek rig aan die Vlotman-gesin om 'n beëdigde verklaring af te lê wat die volledige hantering van die proses deurgee; en
3. Dat die Gemeenskapsdienste direktoraat 'n volledige verslag voorlê by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos geskeduleer vir Vrydag 31 Mei 2024, wat al die feite deurgee van die situasie en 'n

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

gemotiveerde aanbeveling (wat die voordele, nadele, risiko's en wat die geval uitsonderlik kan maak, insluit) ten einde 'n ingeligte besluit te neem.

***(31/05/2024)***

***

**BKN075/04/2024**
**2023 / 24 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 3: 1 JANUARY – 31 MARCH 2024 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**

Die Voorsitter lei die item kortliks in en bied geleentheid aan die Direksie om terugvoer te gee rakende die onderskeie KPI's waar die teikens rooi (nie behaal is nie) en oranje (amper bereik) is.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Munisipale Bestuurder meld dat 'n regstelling by die Direkteur: Tegniese Dienste se twee KPI's, met spesifieke verwysing dat die kapitaalspandering net die "actual costs" moet insluit ("shadow costs" uitgesluit), gemaak moet word en daarna hersirkuleer word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the quarterly performance report for Quarter 3 (01 January – 31 March 2024) be noted; and
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***

***(Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite en Hoof: Behuisingsadministrasie verlaat die vergadering om 10:35).***

**BKN076/04/2024**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: FEBRUARY 2024**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for February 2024.

***

**BKN077/04/2024**
**VERSOEK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: PROSEDURE VAN OPRIGTING VAN WENDY HUISE**
**15/4/1**

Die Voorsitter lei die item kortliks in

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die prosedure vir die aansoek van oprigting van Wendy huise aangepas word om voorsiening te maak vir uitsonderlike gevalle / noodgevalle met die onderstaande voorwaardes:

- Dat die aansoeker 'n skriftelike bewys lewer van die reëling wat die eienaar met die munisipaliteit aangegaan het rakende die agterstallige munisipale rekening; en
- Dat die aansoek vir die plasing en die bou van die Wendy huise as "delayed" hanteer word ten einde die aansoek so spoedig as moontlik te finaliseer.

2. Dat die item verwys word na die Tegniese Dienste Komiteevergadering, soos geskeduleer vir Donderdag 06 Junie 2024, vir verdere bespreking.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE (06/07/2024)***

***

**BKN078/04/2024**
**<u>VERSOEK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: "FLEET CONTROL"</u>**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

<u>Die onderstaande kwessies word uitgelig:</u>

- Dat daar 'n behoefte is dat die Vlootkontroleerder 'n koördineringsrol vervul wat die bestuur en beheer van Munisipale voertuie (buiten diensleweringsvoertuie) insluit en dit inskryf by die posbeskrywing van die Vlootkontroleerder;
- Dat die Vlootkontroleerder die onderskeie departemente assisteer met die reël van munisipale voertuie vir dienslewering doeleindes; en
- Dat die Direkteur Tegniese Dienste gesprekke voer met ander munisipaliteite rakende die stelsel vir die bestuur en beheer wat gebruik word vir Vlootbestuur.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Direkteur Tegniese Dienste die posbeskrywing van die Vlootkontroleerder aan die Voorsitter van Tegniese Dienste, Raadsheer De Vries, voorsien ten einde insette en kommentaar te lewer.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE (30/04/2024)***

***

**BKN079/04/2024**
**<u>VERSOEK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: FINALE VERSLAG OOR EIS OP VOORTREKKERSTRAAT IN VELDDRIF VAN MEVROU TANYA IGESUND</u>**
**5/12/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Tegniese Dienste en Direkteur Finansiële Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

<u>Die onderstaande kwessies word uitgelig:</u>

- Dat die Direkteur Tegniese Dienste ondersoek doen rakende die tydperk wat die Buurtwag die bystand personeel gekontak het, hoe lank dit die

bystand personeel gevat het om die stopkraan toe te draai asook die inligting van die "tracker" op die spesifieke bystandvoertuig insluit by die verslag;

- Dat die addisionele inligting van Raadslid Moolman ingesluit word by die verslag ten einde die Direkteur Tegniese Dienste 'n professionele opinie te gee van die aangeleentheid; en
- Dat indien daar enige nalatigheid bevind word met die interne ondersoeke, die Bestuurder: Siviele Ingenieursdienste 'n gewysigde verslag aan die versekering voorsien ten einde heroorweging te gee aan die eis.

**BESLUIT**

1. Dat die item terugverwys word na die Direkteur Tegniese Dienste ten einde 'n volledige verslag voor te lê by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos geskeduleer vir Vrydag 31 Mei 2024, wat al die feite deurgee van die situasie en 'n gemotiveerde aanbeveling ten einde 'n ingeligte besluit te neem; en

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

2. Dat 'n kontrole by die toekomstige versekeringseise ingebring word dat die spesifieke Direkteur 'n interne ondersoek loods en die versekeringseis afteken voor dit aan die Versekering voorsien word.

***DIREKSIE***

***

***(Die Direkteur Korporatiewe Dienste maak verskoning en verlaat die vergadering waarna 'n breek toegestaan word vanaf 11:43 - 11:50).***

**BKN080/04/2024**
**<u>VERSOEK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: KLAGTES OOR WATERREKENINGE IN VELDDRIF</u>**
**5/12/2**

Die Direkteur Finansiële Dienste lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

<u>Die onderstaande kwessies word uitgelig:</u>

- Dat die kontrolering van die uitskieter lys (lys met geen waterverbruik nie) maandeliks deur die Direkteur Finansiële Dienste nagesien sal word;
- Dat die Inkomste afdeling alle foute met verwysing na die watermeters maandeliks aan die Tegniese Dienste direktoraat rapporteer;
- Dat die Direkteur Finansiële Dienste 'n lys van die hoë waterrekeninge, die proses rakende die hantering van die hoë waterrekeninge asook die terugbetalings tydperk vir die verbruik voorlê aan die Munisipale Bestuurder, Uitvoerende Burgemeester en Wyksraadslid ten einde 'n finale besluit te neem rakende die hoë waterrekeninge;

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

- Dat die toetsing vir 'n korrekte heffing gedoen word deur die stappe te volg: Die "test billing" en UIT word gedoen waarna 'n uitskieter verslag verkry en getoets word en dan aan die meterleser en Tegniese Dienste voorsien word ten einde 'n finale heffing te verkry; en

- Dat ‘n direkte kommunikasie aan die persone wat geraak is met die hoë waterrekeninge gerig word om die proses vorentoe te verduidelik, afhangend van die kwantiteit persone wat geraak is.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit rakende navrae soos verkry vanaf die Velddrif-publiek wat nie dringende aandag geniet nie.

**BESLUIT**

1. Dat die item terugverwys word na die Direkteur Finansiële Dienste vir verdere ondersoeke en besprekings; en *DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE*

2. Dat die Direkteur Finansiële Dienste ‘n breedvoerige verslag voorlê aan die Munisipale Bestuurder, Uitvoerende Burgemeester en Raadslid Moolman rakende sy interne ondersoeke, die bevindinge asook die gevolgebestuur wat toegepas word. *DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE*

***

**BKN081/04/2024**
**VERSEKERINGSEISE**
**5/12/2**

Die Voorsitter lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter versoek dat die moontlikheid ondersoek word om Regsadvies in te win rakende ‘n ander vorm van kompensasie indien die versekering nie uitbetaal nie (bv. bewyse dat die kwessie gerapporteer was maar die nodige aandag was nie daaraan gegee nie).

- Dat die Direkteur Tegniese Dienste toesien dat die onderskeie “manholes” se deksels nagegaan word om versekeringseise te verhoed; *DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE*
- Dat die Direkteur Tegniese Dienste ‘n toegewyde bystand nommer vir die onderskeie munisipale dorpe aan die publiek kommunikeer om hul aan te moedig om die hoë risiko tegniese kwessies aan te meld vir spoedige diens; en *DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE*
- Dat die Direkteur Tegniese Dienste die onderskeie werknemers in sy direktorate attent maak om die tegniese kwessies so spoedig as moontlik te hanteer. *DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE*

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN082/04/2024**
**INFORMASIE KOMMUNIKASIE TEGNOLOGIE STRATEGIESE PLAN**
**6/2/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word vir verdere ondersoeke / bespreking. *HOOF: IKT*

***

**BKN083/04/2024**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN084/04/2024**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN085/04/2024**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**BKN086/04/2024**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN087/04/2024**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN088/04/2024**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:31***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***